Medewerkers wat dien!?

Matteus 9:35-38
Romeine 16:3,9,12-15,21

Inleiding

Op die oomblik is Trinitas 700 belydende lidmate en 160 kinders. En nog ‘n klompie mense wat informeel inskakel. Die afgelope 12 maande het ons 40 nuwe mense bygekry.

Ons bediening werk in 6 blokke. Ons het 18 ouderlinge. Gemiddeld 3 ouderlinge in ‘n blok en 48 lidmate vir elke ouderling.
48 lidmate is heeltemal te veel vir ‘n ouderling en dis waar die medewerkers inkom. Ons het 17 medewerkers wat baie help maar waarvan party net 1 of 2 ander lidmate kan besoek. Party ouderlinge het ook geen medewerkers nie.

Dis tot waar ons gekom het in die afgelope jaar vandat ons begin het met medewerkers. Maar soos jy kan sien is daar nog baie gate in die net as ons wil dat almal iemand het wat na jou uitreik.

Jy beleef hierdie gate dalk self omdat jy ook soms koud en eenkant voel. Dis beslis nie omdat ons nie omgee nie. Dis net hoe ver ons kan kom met wat ons het.

En dalk is die antwoord vir jou om self deel van die netwerk te kom word....

Ons gaan gesels oor wat Jesus hieroor sê, oor wat medewerkers werklik is, en hoe jy prakties kan inskakel om ander te dien.

Jesus se opdrag
[Lees teks: Matteus 9:35-38]

Ons sien in hierdie eerste gedeelte tot in Jesus se hart. ‘n Innige jammerte vir sy mense. Moeg en hulpeloos. Soos wat skape gelos is om self rond te swerf vir bietjie gras. Hulle soek maar weet nie waar om te gaan nie. Moeg gebekommer sonder iemand wat ‘n ogie hou.

Jesus kyk na hierdie mense. Hy kyk selfs in hierdie mense in. Maar Jesus kyk nie in hierdie mense vas nie.
Daar is twee dinge wat Hy nie onderskat nie.

- Die krag van gebed
- En God se vermoë om moeë en hulpeloses te verander in arbeiders wat ‘n oes inbring.

Jesus sê mens pak hierdie probleem eers met gebed aan want ‘n ding moet gebeur wat ‘n mens nie kan laat gebeur nie. En dis altyd God wat die dinge laat gebeur.
Maar dis ‘n spesifieke gebed. Een wat vra dat God so in moeë en hulpelose mense se harte sal werk, hulle optel en geloofskrag gee om ook weer tussen ander mense in te gaan.

Dink daaroor: Waar anders sou hierdie arbeiders dan skielik vandaan kom?

Dis dalk moeilik om soms te glo maar dis duidelik dat Jesus vir deur sy genade vir *mense* 'n spesiale rol wil gee in God se werk.

En as ons na die res van die geskiedenis van Jesus se werk en die kerk kyk, soos ons dit ook die laaste 3 weke in die aande gedoen het, is dit duidelik:
Sy dissipels het Jesus se raad opgevolg en Hy het sy beloftes gehou.

Hoor ook die getuienis van iemand wat verlede jaar as medewerker saam met die ouderlinge begin werk het:

"*My persoonlike ervaring is dat ek dalk meer gegroei het as die mense wat ek besoek het. Wat ek nou 'n bietjie beter verstaan is die funksionering van die kerk se liggaam - naasteliefde! Dit het vir my en my vrou so baie beteken om net te weet dat ons in hierdie moeilike tyd waardeer ons is, net n sms kon stuur na ons medewerker groep en te vra bid ook vir ons. Die ondersteuning wat ons daardeur gekry het was wonderlik. Vir ons as gesin is dit wonderlik om op so manier betrokke te kon raak by die kerkfamilie. Daar is nog egter baie plek vir groei en verbetering van ons kant af.*"

Dis inderdaad 'n wonderwerk dat God ons gebede gebruik om met die vlam van sy Gees in ons en ander te begin brand. Sy Gees bou ons ook op soos wat ons dit doen.
Van moeë en hulpeloses verander Hy enige iemand na arbeiders in die oes.

Ons gaan nou verder sien hoe dit uitgespeel het in die vroeë kerk en hoe dit vandag prakties in Trinitas grondvat.

Medewerkers

Ons lees in die Nuwe Testament dat baie verskillende mans en vroue geestelike en versorgingswerk in die kerk gedoen het sonder dat hulle ouderlinge of diakens was.

Hierdie mense word '*medewerkers'* van die apostels en ouderlinge genoem. Ons lees eintlik op meer plekke in die Nuwe Testament van 'medewerkers' as van ouderlinge! En hulle het nogal baie verantwoordelikheid gehad.

Hulle was soos 'n netwerk mense wat gehelp het dat die nodige werk in 'n kerk nie agter bly nie. Hulle het gehelp om die oes in te bring.

Kom ons lees saam uit Romeine 16 om 'n gevoel te kry van wat hierdie mense gedoen het en hoe hulle saamgewerk het.

Dis aan die einde van Paulus se brief aan daardie kerk en hier skyn hulle netwerk van werkers deur soos hy groete stuur vir die mense saam met wie hy al gewerk het.

16 *Ek beveel ons suster Febe wat* ***dienaar*** *is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan.* [2]*Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun.*
[3]*Groete vir Priscilla en Akwila, my* ***medewerkers [sunergos] in Christus Jesus*** [4]*wat hulle lewe vir my gewaag het. Dit is nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die gemeentes onder die heidennasies.* [5]*Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom.*
My groete verder ook aan my ***liewe vriend*** *Epenetus, die eerste bekeerling vir Christus in die provinsie Asië,* [6]*en aan Maria, wat baie moeite vir julle gedoen het.* [7]*Gee my groete ook aan Andronikus en Junias, my* ***volksgenote*** *wat saam met my in die gevangenis was; hulle is hoog aangeskrewe by die apostels en het voor my al Christene geword.*
[8]*En dan stuur ek ook groete vir Ampliatus, my* ***liewe vriend*** *in die Here,* [9]*vir Urbanus, my* ***medewerker in Christus****, en vir my liewe vriend Stagis;* [10]*ook vir Appelles—hy het gewys wat in hom steek as gelowige—en die huis van Aristobulus;* [11]*vir Herodion, my volksgenoot, en vir dié uit die huis van Narsissus wat tot die geloof gekom het.*
[12]*Groete verder ook aan Trifena en Trifosa,* ***ywerige werksters*** *vir die Here, en aan my liewe Persis, wat al baie vir die Here gedoen het.* [13]*Dra ook my groete oor aan Rufus,* ***die voortreflike werker*** *in diens van die Here, en aan sy moeder, wat ook vir my altyd 'n ma was.*
…

*[21]My **medewerker Timoteus** stuur vir julle groete, en so ook Lucius, Jason en Sosipater, my **volksgenote**. [22]Ek, Tertius, wat die brief neergeskryf het, stuur as 'n **medegelowige** ook my groete. [23]Gaius, my gasheer en ook gasheer van die hele gemeente hier, stuur ook groete. En dan ook nog groete van Erastus die stadstesourier, en van broer Kwartus.*

Sien jy hierdie netwerk raak? Hulle het op verskillende maniere gehelp dat die evangelie oor Jesus in mense se harte begin lewe en groei.
Plek-plek word hulle pertinent medewerkers genoem. Dis dieselfde as om ons woord 'kollega' te gebruik vir iemand wat saam met jou werk.

As jy net begin uitkyk sal jy orals in die Nuwe Testament van hulle begin raak lees.

Dis glashelder dat die Heilige Gees nie net deur ouderlinge en diakens geestelike werk in die kerk en gemeenskap gedoen het nie.
Daarvoor is die oes te groot. En baie arbeiders nodig.

Daar was 'n hele netwerk van medewerkers, en die netwerk het gewerk!

Jyself?

Ons het die laaste paar weke gepraat oor hoe die fluisterstem van goeters en geld 'n mens wil verlei om jou waarde te skat in terme van wat jy het of nie het

nie. En hoe ons dan al ons tyd en krag en energie vir iets gee wat eintlik niks teruggee nie.
Dat dit jou ook so oorneem dat jou evangelieplantjie uiteindelik verstik.
Dalk het jy iets daarvan in jouself raakgesien: 'n Kragtelose en onvrugbare verhouding met God.

Maar deur jou geloofsfamilie, Trintias, wil die Here jou in 'n netwerk intrek wat jou daarteen beskerm en die teenoorgestelde doen. Jou laat deelword en vrugdra.

Die werk van medewerkers in Trinitas

Kom ons kyk baie prakties oor hoe ons netwerk op die oomblik in Trinitas werk, sodat jy kan weet hoe om daarvan deel te word. 'n Paar dinge:

Medewerkers is belydende manne en vroue

- Wat met gewilligheid en tyd
- ouderlinge in hulle dienswerk bystaan
    - om ander in hulle dissipelskap te begelei deur
        - Huisbesoeke
        - Siekebesoeke
        - Bybelstudiegroepe.

Medewerkers word dus nie in 'n spesifieke amp bevestig nie. Hulle woon ook nie kerkraadsvergadering by nie.
Hulle word wel deel van 'n bedieningspan saam met 'n ouderling en ander medewerkers wat sal saamkom om saam te dink en te bid en te beplan oor die mense in hulle blok van wyke.

Medewerkers doen ook net so veel as wat hulle omstandighede toelaat. Selfs al is daar bv. een persoon wat sê dat sy by een ander persoon kan uitkom – is dit reg.
Iemand anders mag dalk kans sien vir 5, of om ‘n Bybelstudie groep te begin.
Jou situasie is die beginpunt.

Hoe word jy ‘n medewerker?

Jy kan op twee maniere ‘n medewerker word. Gesels met jou ouderling of medewerker, of jy kan direk met Alan Brotherton gaan praat. Hy is die ouderling wat hierdie netwerk vir ons koördineer. Hy sal na die tyd in die saal wees met ‘n lys as jy jou naam wil opgee en hoe jy bereid is om betrokke te raak.

Ons los ook nie ons medewerkers koud nie. Van tyd tot tyd het ons spesifieke toerusting wat fokus op medewerkers en jy land ook in ‘n bedieningspan saam met ‘n ouderling en ander medewerkers waar julle mekaar ondersteuning en raadgee.

Mag ons as Trinitas raaksien en dankbaar wees vir hoe die Here reeds tussen ons werk. Deur elke diaken, ouderling, medewerker, diengroepwerker, en jeugkleingroepleier.
Hoe Hy deur sy genade al reeds ‘n netwerk tussen ons begin weef het, en vir die resultate daarvan. So proe meer en meer mense sy goedheid en uiteindelik kan hulle ook beweeg van moeg en hulpeloos na mense

wat deur die werk van sy Gees en die krag van die evangelie ook deel word van sy netwerk wat in die wêreld werk.

Slot

In die Nuwe Testament sien ons ‘n netwerk van mense wat gewerk het om die oes in te bring.

Moenie onderskat wat Jesus in en deur jou kan doen nie... vandag se moeë skape is more se arbeiders. Bid.

Mag Jesus vir ons die nodige medewerkers in die Trinitas familie gee om sy oes in te bring vir sy eer!

Nie omdat ons onsself oorskat, of onderskat nie... maar omdat ons Jesus se genade offer en krag van sy Gees na waarde skat!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
4 September 2016